# KOMMUNIKAMMA 4 AUGUSTUS 2024

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Jou blokouderling of -diaken

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 4 Augustus**
**Week 4 van die 4 weke reeks**
Skriflesing: Johannes 13:1-15
Tema: Voete was

**08:30 EIETYDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**18:00 LEEF@KERK**

**Die bedieningsdankoffer in die houtkassies gaan vandag vir die Christelike Maatskaplike Raad.**

**Maandag 5 Augustus**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**09:30 DIENS BY KRAGGAKAMMA UITSPANNING**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**Dinsdag 6 Augustus**
**10:00 DIENS BY STELLA LONDT**

**Woensdag 7 Augustus**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Die nood by en behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap bly baie hoog. Dankie vir elke bydrae.

**10:00 DIENS BY CP BRADFIELD**

**<u>Vrydag 9 Augustus</u>**
**NASIONALE VROUEDAG**

**<u>Sondag 11 Augustus</u>**
**09:00 GESAMENTLIKE DIENS**

## GEBEDSAKE:

- Die vroue van ons land.
- Die gemeente se Diens van Barmhartigheid bedieninge. Bid spesifiek vir die CMR.
- Flippie Viviers, Jan Schnetler, Tim Schmidt en Niekie Oosthuizen se ma, Liefie Kruger, is in die hospitaal.
- Vakatures by Grasvoëlkop en PE-Noord gemeentes.
- Al die gebiede in ons land waar rampskade en, op sommige plekke, ook lewensverlies was. Die families van hulle wat oorlede is.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Midde-Ooste en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Die sluit van vrede.
- Die Olimpiese spele – ook as getuienis geleentheid.
- Frankryk – die land waaruit die Franse Hugenote die Christelike geloof kom vestig het hier aan die Suidpunt van Afrika.

**<u>THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK</u>**
Bid saam met diegene in **Marokko** wat opsoek is na Jesus Christus dat die Heilige Gees elkeen se hart sal roer wat nog nie vir Jesus ken nie.

**<u>KATEGESE BEPLANNING VIR DIE RES VAN DIE JAAR</u>**

| Datum | Kraggakamma Gemeente Kategese 2024. |
|---|---|
| 4 Augustus | Gesprek 4. 09:45 |
| 25 Augustus | Gesprek 5. 09:45 |
| 1 September | Gesinsuitreik 09:30-11:00. |
| 8 September | Gesprek 6. 09:45 |
| 15 September | Gesprek 7. 09:45 |
| | VAKANSIE (22-30 September) Belydenisklas kamp 29-30 September |
| 4-6 Oktober | Familie Kamp @Van Stadens Resort |
| 13 Oktober | Gesprek 8: 09:45 |
| 20 Oktober | Gesprek 9: 09:45 |
| 27 Oktober | Gesprek 10: 09:45 |
| 10 November | Gesprek 11: 10:00 |
| 17 November | Kategese Afsluiting |
| 3-5 Desember | Graad 7- Graad 12 Tiener Staptoer |

**<u>FAMILIE KAMP 2024</u>**
Inskrywings vir ons familie kamp het oopgemaak. <u>4-6 Oktober 2024</u> by Van Stadens resort. Indien jy meer inligting benodig maak gerus kontak met Yolandi van der Merwe (084 705 2714) of Ds Toit Wessels.

**<u>REAKSIE OP DIE OPENING VAN DIE OLIMPIESE SPELE</u>**
Die Gemeentebediening diensterrein van die NG Kerk Kraggakamma het op ‘n vergadering gehou op Maandag 29 Julie 2024 kennis geneem van sommige uitbeeldings tydens die openings seremonie van die 2024 Olimpiese spele wat, op die oog af, disrespekvol teenoor die Christelike geloof blyk te wees. Die deel van die seremonie, wat baie sien as die uitbeelding van die laaste Avondmaal, het die meeste kritiek vanuit Christelike geledere ontlok. Volgens berigte het die artistieke direkteur ontken dat hy sy inspirasie uit die laaste Avondmaal geput het. Alhoewel ons artistieke vryheid erken, versoek ons respek vir Bybelse waardes en dit wat vir ons as kinders van die Here kosbaar is. Ons roep gelowiges op om die Here ons God as die enigste Here te aanbid en te dien. En ons kies, in gehoorsaamheid aan die Here, om nie klippe gooi nie, maar in liefde te bid vir en uit te reik na almal wat nog nie in die genadevoorreg deel om die Here as Verlosser te ken en te dien nie.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**LIEDBOEK**

Indien jy 'n liedboek by die huis het wat nie meer gebruik word nie, bring dit asseblief kerkkantoor toe. Ons as gemeente wil dit gebruik wanneer ons op verskeie plekke bidure aanbied.

**7 WEKE REEKS**

Daar is 'n paar boekies oor van 'n vorige 7 weke reeks (7 Weke met die ritmes vir die lewe). Indien enige van die kleingroepe belangstel om daardeur te werk is julle welkom om die boekies by die kerkkantoor te gaan haal.

**HUISGODSDIENS MATERIAAL**

Verlede week tydens die kategese het ons hierdie week bekendgestel. Hier is die inligting:

Die Dink Jeug Familie Toep bied daagliks (Maandae tot Vrydae) 'n 5 minute klankgreep (podcast) waarin 'n storie vertel word en 'n teks gelees word met 'n paar geselsvrae waaroor 'n gesin kan gesels. Daar is ook elke dag 'n gebedswenk en 'n doen-idee vir kinders, tieners en families om saam te doen. Die toep se inhoud is so geskryf dat kinders van verskillende ouderdomme saam daarna kan luister en daaroor gesels. Elke week het 'n bepaalde teks en tema met stories wat aansluit by kinders se leefwêreld. Dit is dus die moderne gesin se ekwivalent van "huisgodsdiens".

Hoe werk dit? 'n Mens laai die toep gratis by Google Play of Apple iStore op jou foon af. Elke dag is daar 'n vars oordenking om na te luister met 'n halt(pause) knoppie wanneer julle as familie verder oor die teks of vrae wil gesels of saam wil bid. Dit neem 'n familie ongeveer 10-15 minute om dit te doen en jul kan soggens of saans of selfs in die motor daarna luister. Die toep het ook agtergrondinligting en skakels in oor die tema/teks vir dié wat meer wil weet.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 4 Augustus | Benn De Wit, Luhein Frazenburg (snr), Ashleigh Frazenburg, Freddie Gerber, Martin Spinks, Arno Spinks, Theresa Thompson, Liané van der Merwe en Marisa van Wyk |
| 5 Augustus | Christoff van der Merwe |
| 6 Augustus | Ané Retief en Reghardt van Zyl |
| 7 Augustus | Kayleigh Buchner, Armand Greyling, Pierre Jacobs, Riaan Roelofse, Jackie van Heerden en Marlize Westraadt |
| 8 Augustus | Heinrich Crouse, Mario du Preez en Nicolene Wentworth |
| 9 Augustus | Christoff Bosch, Charl du Plessis, Christo Jooste, Mias Nieuwoudt, Igie Rademeyer, Margie Snyman, Anrich van der Westhuizen en Juantha Vorster |
| 10 Augustus | Eunice van Biljon |

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan